**Sondag 31 Januarie**

**Skrifgedeelte: Matteus 25:31-46; HK Sondag 4, Antwoord 11**
**Fokusgedeelte: Matteus 25:41, 46**

## Die ewige straf aan liggaam en siel

Die ewige straf aan liggaam en siel is die hel. Daar is baie mense wat op grond van verskillende argumente van oordeel is dat die hel nie werklik bestaan nie. Christus Self leer ons egter dat daar 'n ewige straf is. Hy sê dit in woorde wat nie vir misverstand vatbaar is nie: *"Dan sal die Koning sê: 'Gaan weg van my af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is.'"* (Matt. 25:41, 46).

Wie ontken dat daar 'n hel is, kom in botsing nie met mense nie, maar met Christus Self. So 'n persoon is 'n valse profeet.

Wat is die hel dan? Die woorde waarmee die hel in die oorspronklike tale aangedui word, is *gehinnoom* of *gehenna*. Dit hou verband met die dal van Hinnom wat buite Jerusalem geleë is. Die plek het 'n baie ongunstige betekenis gehad, omdat gruwelike afgodery daar bedryf is (2 Kon. 23:10; 2 Kron. 28:3). Later het dit die ashoop van Jerusalem geword. Dooie diere en liggame van veroordeeldes is daar gegooi om aan verrotting en verbranding oorgegee te word. Die dal van Hinnom het in die Skrif die simbool en heenwysing na die hel, die plek van smarte, geword (Op. 14:11).

Die hel het 'n negatiewe kant. Dit blyk uit die woorde van Christus: *"Gaan weg van My af, julle vervloektes!"* Dit wys daarop dat alle bande met Christus geheel en al verbreek sal word. Dan sal hulle ervaar watter smarte Christus gely het toe God Hom aan die kruis verlaat het (Matt. 27:46).

Die hel het egter ook 'n positiewe kant: dit is 'n onblusbare vuur (Mark. 9:44); daar is mense in die diepste duisternis waar hulle sal huil en op hulle tande kners (Matt. 25:30). Daarom waarsku Christus: *"Vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel laat vergaan"* (Matt. 19:28).

Wie is vir die hel bestem? Behalwe dat die hel bestem is vir die duiwel en sy engele (Matt. 25:41) en vir die Antichris en die valse profeet (Op. 20:10), is dit verder ook die bestemming van al die ongelowiges en goddelose mense. In Openbaring 21:8 lees ons: *"Maar die wat bang en ontrou geword het, die losbandiges, moordenaars en onsedelikes, bedrieërs en afgodsdienaars en al die leuenaars, hulle lot is in die poel wat met vuur en swawel brand, dit is die tweede dood."*

Hoe 'n groot troos is dit om te weet dat Christus ons van die helse benoudheid en pyn verlos het (HK So. 16, Antw. 44).